

Om goed te wees, is om goed te doen

Psalm 119:68 bely dat God goed is; daarom doen Hy goed. Die Boodskap stel dit as volg: "U is die Bron van alles wat goed is, U doen net goeie dinge." Inderdaad! God is goed. God is goed vir álmal op aarde. Hy is uitsonderlik goed vir al Sy kinders. Hy oorlaai ons met al Sy genade. Hy doen dit aanhoudend. Hy doen dit vir altyd.

Om God se goedheid te ervaar, is om gedurig daarvoor te sing en juig. Om God se goedheid te ken, is om self ook goed te doen. Nee, goedheid is nie uniek aan ons as gelowiges nie. Ons het nie die alleenreg hierop nie. Maar gelowiges wat nie goed is en goed doen nie, is in groot moeilikheid. Om God se goedheid te ken, is om ons lewe hierop te modelleer. Dit is om die karakter van God in al ons doen en late te weerkaats.

Ons doen nie goed om beter mense te probeer word nie. Ons doen goed omdat ons met integriteit in God se nabyheid leef. Ons doen goed omdat ons die Heer se goedheid weerkaats. Goedheid is regtig nie net 'n mooi ideaal nie. Dit is 'n realistiese manier van leef. Dit is ook 'n mooi manier van leef. Nog meer, dit is die enigste regte manier van leef! Wees goed, want God is baie goed vir jou.

deur Stephan Joubert

Gemeente – Algemeen

- Bid vir Radiokansel & al die ander radiostasies wat SY Naam groot maak
- Bid vir Vaalpark gemeente se werksaamhede en elkeen wat ook leiding neem in die gemeente
- Bid vir die eredienste; ons lidmate; Onbeperk en ons predikante

Voorbidding vir lidmate

Lottie Conradie
Annie Brink
Juanita Rossouw
Janine Vorster
Hettie Singleton
Tannie Sannie Wentzel
Madelein Els
Wildie Meiring
Martie van Staden
Boland Le Roux
Marelize de Wet
Anton Prinsloo

Dank Gebede

- Dankie HERE vir elke nuwe dag wat U my skenk
- Dankie dat U, U **ENIGSTE SEUN** gestuur het om vir my aan 'n houtkruis te sterf
- Dankie HERE dat ek kan sit, opstaan, loop, lag, ruik, hoor, proe & omgee & dankie HERE dat U altyd saam met my die pad loop!
- Dankie my GOD vir elke gebed wat gebid word & vir elke gebed wat U verhoor. Dankie dat U ons hand nooit sal los nie.
- Dankie vir U **wondergroot genade...**
- HERE, ek het U lief! AMEN



Gedagte vir die week

Wees goed vir mekaar

"Moenie nalaat om goed te doen ... want dit is die offers wat vir God aanneemlik is."

HEBREËRS 13:16

en moenie versuim
om goed te doen en
mededeelsaam te
wees nie, want God
het behae
in sodanige offers.

HEBREËRS 13:16 AFR20

Byvoorbeeld baie dankie vir jou bydrae's ...

ABSA Sasolburg; Tjek Rekening

Rekno.: 0520580654

Takkode: 632005